

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1. Probleemstelling

By die lees van 2 Petrus val dit op dat daar dikwels gebruik gemaak word van die woorde γνῶσις (1:5, 6; 3:18), ἐπίγνωσις (1:2, 3, 8; 2:21), γινώσκω (1:20; 3:3) en ἐπιγινώσκω (2:21). Op grond van die voorkoms van hierdie woorde het verskeie kommentatore tot die gevolgtrekking gekom dat die begrip "kennis" 'n belangrik plek in 2 Petrus inneem (vergelyk Bauckham, 1983:170; Fornberg, 1977:12-13; Jordaan, 1988:72-74; Kahmann, 1983:26; Van Houweling, 1988:111).

So belangrik word die plek van die begrip *kennis* in 2 Petrus geag dat Kahmann (1983:26) en Van Houweling (1988:111) na γνῶσις en ἐπίγνωσις as *kernwoorde* en Hiebert (1989:38) en Kelly (1969:298) na ἐπίγνωσις as 'n *sleutelwoord* in 2 Petrus verwys. Ongelukkig grond hierdie skrywers hulle gevolgtrekking op weinig meer as die feit dat hierdie woorde dikwels in 2 Petrus voorkom.

Vanuit die studieveld van die semantiek blyk dit dat 'n deeglike studie van die begrip *kennis* in 2 Petrus nie beperk kan word tot 'n studie van die woorde γνῶσις/ἐπίγνωσις/γινώσκω/ἐπιγινώσκω nie. Daar moet ook rekening gehou word met woorde wat, binne hulle konteks genome, in betekenisvelde gebruik word wat met die begrip *kennis* verband hou (vergelyk Louw & Nida, 1988i:xv-xx). Dit sluit woorde in soos γινώσκω (1:20; 3:3), γνωρίζω (1:16), οἶδα (1:12,14; 2:9), λανθάνω (3:5,8) λήθη (1:9), μιμνήσκω (3:2) μνήμη (1:15) en ὑπομιμνήσκω (1:12,13; 3:1).

Op grond van soveel woorde wat dui op *kennis* blyk dit dat die woorde γνῶσις, ἐπίγνωσις, γινώσκω en ἐπιγινώσκω in 2 Petrus nie in isolasie gelees moet word nie, maar beskou moet word as ondersteunend vir 'n omvattende grondmotief - vir die doeleindes van hierdie studie die *kenmotief*. Met *motief* word bedoel 'n herhaalde betekenisvolle element in 'n werk; 'n semantiese eenheid wat ongewysig of met ligte variasies in 'n werk voorkom (vergelyk Van Gorp, 1984:202).

1.1 Oorsig van vorige navorsing

Hoewel skrywers die belangrike plek van die woorde γνῶσις/ἐπίγνωσις/γινώσκω/ἐπιγινώσκω in 2 Petrus raakgesien het, is daar weinig navorsing oor die kenmotief gedoen.

Een van die redes daarvoor is dat daar oor 2 Petrus in sy geheel relatief min navorsing gedoen is. Green (1977:11) stel dat 2 Petrus en Judas 'n "very obscure corner of the New Testament" is en dat "learned journals rarely deal with them". Ook skrywers soos Bauckham (1982:91-93), Dunham (1983:40), Hiebert (1989:1), Lombard (1983:82) en Rabali (1992:3) wys op die feit dat 2 Petrus in die bestaande navorsing verwaarloos is. Daar kan verskeie redes aangetoon word waarom 2 Petrus nie in die navorsing baie aandag ontvang het nie. Volgens Dunham (1983:40) is die gebrek aan voldoende navorsing toe te skryf aan die feit dat daar nie interessante probleme in die brief na vore tree nie. Lombard wys daarop dat navorsing oor die Nuwe Testament oorheers is deur die *Leben Jesu Forschung* en die histories-kritiese toespitsing op die Evangelies en op die geskrifte van Paulus. Rabali (1992:3) gee die voortdurende debat aangaande die outeurskap en die outentisiteit as rede aan waarom die brief nie deeglike aandag in die navorsing oor die Nuwe Testament ontvang het nie. Dit blyk dat al hierdie faktore gesamentlik veroorsaak het dat die brief nie dieselfde aandag geniet het as ander briewe in die Nuwe Testament nie.

In die navorsing wat wel oor 2 Petrus gedoen is, het die kenmotief ook relatief min aandag ontvang, hoewel eksegete wel aandag gegee het aan sake wat met die kenmotief in 2 Petrus verband hou.

Mayor (1965:171-174), Picirilli (1963:199-311) en Picerilli (1975:85-93) het besondere aandag aan die woorde $\gamma\omega\omicron\sigma\iota\varsigma$ en $\acute{\epsilon}\pi\iota\gamma\omega\omicron\sigma\iota\varsigma$ in 2 Petrus gegee. Hulle laat val die klem in hulle studie egter op die betekenis waarvoor die woorde gebruik word, en op die vraag of die woorde met verskillende betekenis gebruik word. Hulle bring $\acute{\epsilon}\pi\iota\gamma\omega\omicron\sigma\iota\varsigma$ en $\gamma\omega\omicron\sigma\iota\varsigma$ nie in verband met ander semanties verbandhoudende woorde nie.

Die vraag of die woorde $\gamma\omega\omicron\sigma\iota\varsigma$ en $\acute{\epsilon}\pi\iota\gamma\omega\omicron\sigma\iota\varsigma$ in 2 Petrus ter bestryding van die gnostisisme gebruik word, is deur Käsemann (1964:191-193) ondersoek, maar die kenmotief ontvang nie in sy ondersoek klem nie.

Fornberg (1977:48-49) gee wel aandag aan die "knowledge theme" in 2 Petrus. Hierdie "knowledge theme" geniet egter in sy studie alleen aandag in soverre dit verband hou met die ooreenkomste tussen 2 Petrus en Judas. Ook by Rowston (1971:136-137) word die woorde "herinner" en "verstaan", soos dit in die geskrifte 2 Petrus voorkom, slegs in behandeling geneem in soverre dit op die ooreenkomste tussen Judas en 2 Petrus betrekking het.

1.2 Doel van die studie

Dit blyk dus dat daar 'n ernstige behoefte bestaan aan navorsing wat spesifiek op die kenmotief in 2 Petrus toegespits is. Met hierdie studie word dus gepoog om 'n bydrae in

hierdie opsig te lewer. Voorts wil hierdie studie ook die leemtes ondervang wat in die bestaande navorsing oor die kenmotief in 2 Petrus aangetoon is.

Die doel van hierdie studie is dus om te bepaal wat die aard van die kenmotief in 2 Petrus is en watter plek dit in sy prediking inneem, sodat groter duidelikheid verkry kan word oor die boodskap wat die skrywer aan sy lesers oordra.

1.3 Aktualiteit van die studie

Sodanige navorsing behoort van besondere belang te wees vir Petrus-navorsing oor die algemeen. Die navorsing is veral belangrik vir die besondere kanoniek (Inleiding) van 2 Petrus; spesifiek vir die indeling van die inhoud en vir die bepaling van die sentrale prediking van die geskrif. Uiteindelik behoort sodanige navorsing 'n belangrike bydrae te lewer tot die eksegeese van 2 Petrus in sy geheel.

Omdat die kenmotief 'n belangrike plek in die prediking van 2 Petrus inneem, behoort die eksegetiese ontleding en nadere vasstelling van hierdie plek 'n betekenisvolle bydrae te lewer tot die verstaan van die boodskap van die geskrif.

2. Basiese hipotese

Hierdie studie word gedoen vanuit die hipotese dat daar wel in 2 Petrus 'n kenmotief bestaan, dat hierdie kenmotief deurlopend in die geskrif voorkom en dat die kenmotief waarneembaar is in die gebruik van woorde wat met die motief verband hou. 'n Verdere aspek van die hipotese is dat hierdie kenmotief belangrik is vir die verstaan van die boodskap van 2 Petrus.

3. Basiese uitgangspunte

- * 2 Petrus word beskou as deel van die kanonieke boeke van die Bybel - soos ook die ander boeke wat in artikel 4 van die Nederlandse Geloofsbelydenis vermeld word.
- * Die Bybel word beskou as die geskrewe, geïnspireerde Woord van God, wat nie gestuur of voortgebring is deur die wil van 'n mens nie maar gespreek is deur die heilige mense van God, gedrewe deur die Heilige Gees (Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 3).
- * Daar word aanvaar dat die skrywer van 2 Petrus skrywe om verstaan te word en derhalwe gestruktureerd skrywe (vergelyk Coetzee, 1988:21). Die teks van 2 Petrus word dus benader as 'n gestruktureerde teks wat 'n gestruktureerde boodskap kommunikeer.

- * Die vormgewing van 2 Petrus het binne 'n bepaalde kultuurhistoriese situasie plaasgevind; derhalwe is die wyse waarop die teks van 2 Petrus gestruktureer is nie geïsoleer van die vormgewing van ander geskrifte van daardie tyd nie.
- * Die betekenis waarvoor woorde as taaltokens gebruik word, word bepaal deur die taalsisteem waarbinne dit aangewend is. Hierdie betekenis kan gedefinieer word in terme van die wyse waarop dit met ander betekenis ooreenstem en verskil.
- * Na tekskritiese verantwoording is hierdie studie onderneem aan die hand van die teks van 2 Petrus, soos dit in die derde gekorrigeerde uitgawe van *The Greek New Testament* (Aland, *et al.*, 1983) gepubliseer is, onderneem.

4. Metode van ondersoek

Hierdie studie is eksegeties van aard en word gedoen binne die grammaties-historiese model soos dit beoefen is binne die gereformeerde tradisie. Hierdie studie is gefokus op 'n bepaalde motief in 2 Petrus (die kenmotief) en die klem val op spesifieke aspekte van 'n eksegetiese metode, te wete die verdiskontering van die besondere kanoniek, die ontleding van die gedagtestruktuur, en die bepaling van betekenis waarvoor die skrywer spesifieke woorde gebruik.

4.1 Besondere kanoniek

Wat die besondere kanoniek betref, word veral aandag gegee aan aspekte soos die literêre aard van die geskrif, die skrywer, die geadresseerdes en hulle sosio-kulturele omstandighede, die verhouding van 2 Petrus tot ander geskrifte en die benaderde ontstaansdatum van die geskrif. Hierdie aspekte word ondersoek deur 'n kritiese evaluering van die stand van navorsing op hierdie gebied te doen. In die bepaling van die waarskynlike sosiaal-historiese konteks van die geskrif, word gebruik gemaak van die resultate van sosio-historiese navorsing. Die benadering is dus nie in hierdie opsig sosio-wetenskaplik van aard nie.

4.2 Gedagtestruktuurontleding

Ten opsigte van die gedagtestruktuurontleding word aangesluit by die metode van gedagtestruktuurontleding wat deur Coetzee (1988:19-37) ontwikkel is. Hierdie metode word selfstandig uitgebou deur die relevante resultate van literatuurteoretiese navorsing oor die geskrifte van die Nuwe Testament te verdiskonteer. Daar word veral gefokus op navorsing oor die briefgenre (vergelyk Aune, 1987:158-222; Malherbe, 1977:3-77; Stowers, 1986:15-174 en White, 1972:1-99), die testamentgenre, (vergelyk Kolenkow, 1975:57-174 en 1986:259-267; Vögtle, 1972:297-305 en De Jonge, 1991:147-163), die gebruik van die Ou Testament in die Nuwe Testament (vergelyk Borgen, 1965:28-121; Bowker, 1968:96-111 en

Ellis, 1991:79-121) en homiletiese stof in die Nuwe Testament (vergelyk Baltzer, 1971:97-180; Donfried, 1974:41-48 en Kurz, 1990:16-123).

4.3 Definiëring van woordbetekenis

By die definiëring van betekenis waarvoor Griekse woorde gebruik word, word die diakroniese ontwikkeling van woorde buite rekening gelaat. Barr (1961:142-145) en Thiselton (1979:80-82) het immers oortuigend aangetoon dat 'n diakroniese studie meer oor die *geskiedenis* van woorde aan die lig bring as oor die *betekenis* daarvan. Daar word ook nie uit leksikons en Bybelwoordeboeke 'n opname van "woordbetekenis" gemaak nie, aangesien skrywers soos Nida en Louw (1992:12-19), Botha (1989i:3) en Silva (1983:44-51) aantoon dat woorde nie oor wortelbetekenis beskik nie, maar slegs binne gegewe kontekste na betekenis verwys.

Betekenis word gevolglik gedefinieer volgens die metode van komponensiële analise (vergelyk Louw & Nida, 1988i:vi-xx; Nida, 1972:84-87 & Botha, 1989ii:24-39). Die metode van komponensiële analise word gebruik met die besef dat die metode inderdaad ook gebreke vertoon (vergelyk Silva, 1983:134-135; Lyons, 1978:333). Die belangrikste tekortkominge van hierdie metode is onder andere die volgende:

- * Die metode slaag nie voldoende daarin om altyd effektief die verband tussen die woord en die referent (die saak waarna verwys word) aan te toon nie (Silva, 1983:134);
- * Die beslissings ten opsigte van betekenis-komponente vertoon dikwels 'n subjektiewe aard (Lyons, 1978:333).
Hierdie twee tekortkominge onderstreep die feit dat die definiëring van betekenis altyd 'n voorlopige karakter het.
- * Naas die *Greek-English Lexicon* van Louw en Nida (1988) is daar geen ander leksikon wat volgens semantiese velde gerangskik is nie. Wat die probleem enigszins kompliseer, is die feit dat die grensafbakening van semantiese velde in Louw en Nida se leksikon dikwels debatteerbaar is (Silva, 1983:163-169). Hierdie tekortkoming kan egter ondervang word deur Louw en Nida se semantiese velde nie as vaste onderskeidings te hanteer nie, maar slegs as riglyne.

In navolging van Silva (1983: 132-134) stel Botha (1989ii:24-39) 'n betreklik gedetailleerde metode van komponensiële analise aan die hand van Louw en Nida se Leksikon voor. Van Rensburg (1992:291-303) volg 'n soortgelyke metode om "vreemdelingskap" in 1 Petrus te bestudeer (vergelyk ook Botha, 1992:43-44). Hierdie gedetailleerde metode van komponensiële analise is vir die doeleindes van hierdie studie soos volg aangepas:

- * Vanuit die konteks word bepaal of die skrywer die betrokke woord wel in 'n semantiese veld gebruik wat met die kenmotief verband hou. In punt 5 hieronder word die semantiese velde wat met die kenmotief verband hou, afgebaken.
- * Die betekenis waarvoor die woord gebruik word, word gedefinieer deur die volgende stappe te volg:
 - Die subdomein waarbinne die woord gebruik word, word bepaal.
 - Binne die subdomein word die betekenis waarvoor die woord gebruik word, voorlopig aan die hand van Louw en Nida se definiëring bepaal. In die studie word hierdie twee stappe as een stap gehanteer.
 - Die subdomein waarbinne die woord gebruik word, word in die geheelkonteks van omliggende subdomeine geplaas deur dit met daardie subdomeine te kontrasteer.
 - Die betekenis waarvoor die woord gebruik word, word gekontrasteer met die omliggende betekenis binne dieselfde subdomein. Ter wille van duidelikheid en bondigheid word die kontrastering van betekenis in die studie nie volledig weergegee nie, maar word slegs die resultate daarvan aangedui.
 - Uit die voorgaande stappe word 'n uiteindelijke definisie van die betekenis waarvoor die woord gebruik word, geformuleer.

Bostaande metode word in die studie weergegee slegs met betrekking tot woorde wat die kenmotief ondersteun. In ander gevalle waar dit nodig is om betekenis te definieer, word bogenoemde stappe wel gevolg, maar word slegs die resultate daarvan in die studie weergegee.

5. Afbakening van die ondersoekgebied

Hierdie studie is eksegeties van aard. Hoewel dit as onderdeel van die eksegetiese noodsaaklik is om aandag te gee aan die betekenis waarin bepaalde woorde gebruik word en om bepaalde kanoniese en tekskritiese aangeleenthede te hanteer, is hierdie studie nie primêr 'n woordstudie of 'n studie in kanoniek en tekskritiek nie.

Hierdie studie word toegespits op 2 Petrus. Raakpunte met 1 Petrus, Judas en ander Skrifgedeeltes word egter wel verdiskonteer in soverre dit lig werp op die kenmotief in 2 Petrus.

In 2 Petrus kan verskeie ander motiewe geïdentifiseer word, byvoorbeeld motiewe wat dui op oordeel en belofte. Hierdie studie is egter toegespits op die kenmotief, en ander motiewe word slegs in berekening gebring in soverre hulle met die kenmotief verband hou.

Nie alle semantiese velde wat deur Louw en Nida aangedui word, hou met die kenmotief verband nie. Louw en Nida (1988i:349,380; vergelyk ook 1988i:334-346) beskryf die betekenisveld *Ken* (28) in terme van die besit van inligting. Die kenmotief kom dus na vore waar die besit van inligting ter sprake is. Dit blyk egter uit Louw en Nida (1988i:349,380) dat daar 'n groter groep semantiese velde is wat almal met *die besit van inligting* verband hou, naamlik

- *Leer* (betekenisveld 27), met verwysing na die verkryging van inligting.
- *Ken* (betekenisveld 28), met verwysing na die besit van inligting.
- *Geheue en oproep* (betekenisveld 29), met verwysing na die stoor en oproep van inligting.
- *Dink* (betekenisveld 30), met verwysing na die beheer van inligting.
- *'n Perspektief hê, Glo, Vertrou* (betekenisveld 31), met verwysing na inligting waaroor reeds besluit is.
- *Verstaan* (betekenisveld 32), met verwysing na die proses waardeur inligting gebruik is om tot die regte begrip en evaluering te kom.

Louw en Nida (1988i:338, 410) toon oortuigend aan dat die semantiese veld *Kommunikasie* (33) wel met inligting verband hou, maar dat die fokus op die kommunikasiegebeure val en nie op die resultaat daarvan nie. Daarom word semantiese veld 33 nie gereken om met die kenmotief verband te hou nie.

Die studie van die woorde in 2 Petrus wat met die kenmotief verband hou, word dus beperk tot woorde wat binne semantiese velde 27 tot 32 figureer.

6. Opset

Die opset van hierdie proefskrif is soos volg: In hoofstuk 2 word aspekte van die besondere kanoniek van 2 Petrus ondersoek - aspekte wat spesifiek vir die kenmotief ter sake is. In hoofstuk 3 word die gedagtestruktuur van 2 Petrus bespreek en uiteengesit. Met die gedagtestruktuur as raamwerk, word die kenmotief in die onderskeie gedagte-eenhede van die geskrif daarna bestudeer (hoofstukke 4 tot 9). In hoofstuk 10 word die resultate van die studie in samevattende gevolgtrekkings aangebied en word tot 'n finale konklusie gekom.

7. Afkortings van Bybelboeke

Boeke van die Nuwe Testament word volgens die riglyne van die die Nuwe-Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika (NTWSA) afgekort. Hierdie afkortings is die volgende (vergelyk Van Rensburg, 1986:4):

Matteus	- Mt.	1 Timoteus	- 1 Tm.
Markus	- Mk.	2 Timoteus	- 2 Tm.
Lukas	- Lk.	Titus	- Tt.
Johannes	- Jh.	Filemon	- Flm.
Handelinge	- Hand.	Hebreërs	- Heb.
Romeine	- Rm.	Jakobus	- Jk.
1 Korintiërs	- 1 Kor.	1 Petrus	- 1 Pt.
2 Korintiërs	- 2 Kor.	2 Petrus	- 2 Pt.
Galasiërs	- Gl.	1 Johannes	- 1 Jh.
Efesiërs	- Ef.	2 Johannes	- 2 Jh.
Filippense	- Flp.	3 Johannes	- 3 Jh.
Kolossense	- Kol.	Judas	- Jd.
1 Tessalonisense	- 1 Ts.	Openbaring	- Op.
2 Tessalonisense	- 2 Ts.		

Die volgende afkortings word vir die Ou-Testamentiese boeke gebruik:

Genesis	- Gn.	Prediker	- Pred.
Eksodus	- Eks.	Hooglied van Salomo	- Hoogl.
Levitikus	- Lev.	Jesaja	- Jes.
Numeri	- Nm.	Jeremia	- Jer.
Deuteronomium	- Dt.	Klaagliedere van	
Josua	- Jos.	Jeremia	- Klaagl.
Rigters	- Rig.	Esegiël	- Eseg.
Rut	- Rut.	Daniël	- Dn.
1 Samuel	- 1 Sm.	Hosea	- Hos.
2 Samuel	- 2 Sm.	Joël	- Joël.
1 Konings	- 1 Kon.	Amos	- Am.
2 Konings	- 2 Kon.	Obadja	- Ob.
1 Kronieke	- 1 Kron.	Jona	- Jona.
2 Kronieke	- 2 Kron.	Miga	- Mig.
Esra	- Esra.	Nahum	- Nah.
Nehemia	- Neh.	Habakuk	- Hab.
Ester	- Est.	Sefanja	- Sef.
Job	- Job.	Haggai	- Hag.
Psalms	- Ps.	Sagaria	- Sag.
Spreuke van Salomo	- Spr.	Maleagi	- Mal.